# KONSTITUSIE VAN

# LAMBERTSBAAI INWONERS BELANGE FORUM

## 1. DIE NAAM:

Die naam van die forum is Lambertsbaai Inwoners Belange Forum.

## 2. DIE DOELSTELLING:

Die doelstellings van die forum is as volg:

(a) Om die belange van Lambertsbaai se **totale gemeenskap, die inwoners** van die dorpsgebied, te dien en op te tree as die spreekbuis tot alle betrokke owerhede.

(b) Om deurlopend beter en groter gemeenskapsdeelname te inisieer, nie net ten opsigte van die beskerming van die verblyfsomstandighede van **alle inwoners,** deur nouer samewerking, in **vennootskap** en met wedersydse kommunikasie met die betrokke owerhede.

(c) Om in gevalle waar onbevredigende reaksie op versoeke of aanbevelings verkry is, suike aangeleenthede na ander instansies te verwys, wat van hulp kan wees, ten einde bevredigende resultate te verkry.

(d) Die instandhouding en bevordering van die sosio-, maatskaplike-en ekonomiese voortbestaan van die totale gemeenskap met die versekering van die volhoubare benutting van die natuurlike inkomste- en verbruikshulpbronne, soos byvoorbeeld vis-, kreef-, toerisme aantreklikhede. Tesame hiermee die ontwikkeling van nuwe bronne, toerisme aangeleenthede, bewaring van die ekosisteem, watervoorsiening, behuising en ander werkskeppende geleenthede, tot voordeel van die totale gemeenskap van Lambertsbaai en sy onmiddellike omgewing.

(e) Die deurlopende monitering van openbare diensleweringpraktyke om te verseker dat dienste ooreenkomstig artikel 195 van die Land se Grondwet op 'n ekonomiese, effektiewe, doeltreffende, deursigtige en verantwoordelike wyse gelewer word.

(f) Deel te neem aan die plaaslike bestuurskomitees ter ondersteuning en bevordering se algemene bestuursaktiwiteite.

(g) Deurlopend toe te sien dat die bestaande wette, ordonansies, regulasies en besluite behoorlik toegepas word, ter voorkoming van enige negatiewe praktyke wat die algemene beeld van die dorp en sy gemeenskap mag skaad. Veral inaggenome die beperkende gevolge wat dit mag inhou, met die oog op die toekoms ontwikkelinge, veral ten opsigte van investering, soos vir nuwe eiendoms- en nywerheidsontwikkeling of die benutting en die ondersteuning van bestaande fasiliteite.

(h) Alle aksies van die forum sal op 'n nie-politieke-, ras-, of seksistiese grondslag bestuurword.

## 3. REGSPERSOONLIKHEID:

Die forum is 'n nie-winsgewende liggaam, wat apart optree as 'n onafhanklike regspersoon, afgeskei van sy lede en is die wettige eienaar van sy goedere, beleggings en fondse en sal in eie naam optree as eiser of verweerder in regsprosesse.

## 4. LIDMAATSKAP:

Lidmaatskap is beperk tot die volgende persone of instansies wat by voorstel deur 'n ingeskrewe lid en op die Algemene Jaarvergadering goedgekeur is.

Alle geregistreerde stemgeregtiges vir die Plaaslike Bestuur, asook openbare liggame en sake ondernemings kwalifiseer vir lidmaatskap.

## 5. LEDEGELDE:

5.1 Ledegeld en die wyse van betaling daarvan word vasgestel tydens die Algemene Jaarvergadering.

5.2 'n Lid se lidmaatskap mag gekanselleer word as sy ledegeld nie binne 30 dae na die betaaldatum waartydens die ledegelde vasgestel is, betaal word nie.

5.3 Die Tesourier reik by ontvangs van ledegeld 'n kwitansie daarvoor uit wat as die enigste bewys van die betaling aanvaar word.

5.4 Ledegelde moet sodanig bepaal word, dat dit vir die totale gemeenskap in sy geheel bekostigbaar sal wees, inaggenome die finansiele behoeftes van die forum.

## 6. BOEKJAAR:

Die boekjaar van die Forum strek vanaf 1 September tot 31 Augustus, beide datum ingeslote.

## 7. ALGEMENE JAARVERGADERING:

Waar in hierdie Grondwet die woorde Algemene Vergadering voorkom, het dit betrekking op 'n Algemene Jaarvergadering, 'n Spesiale Algemene Vergadering en enige ander moontlike soort Algemene Vergadering.

Die Algemene Vergadering van die Forum word jaarliks binne (4) vier maande na verstryking van die boekjaar gehou en wel op 'n tyd en plek wat deur die Algemene Bestuur bepaal word. Die doel van die vergadering is:

7.1 Om die finansiële state vir die vorige boekjaar en die boekhouers se verslag ten opsigte daarvan te behandel;

7.2 Om die Algemene Bestuur se verslag ten opsigte van die vorige boekjaar te behandel;

7.3 Om 'n Algemene Bestuur te kies;

7.4 Om ledegeld vas te stel;

7.5 Om die boekhouers te benoem;

7.6 Om enige ander sake van die Forum, waarvan behoorlik kennis gegee is en wat by 'n vergadering behandel mag word, te behandel.

## 8. SPESIALE ALGEMENE VERGADERING:

Die Algemene Bestuur van die Forum mag te enige tyd 'n Spesiale Algemene Vergadering van lede belê en is verplig om onverwyld 'n vergadering te belê na ontvangs van 'n skriftelike versoek van minstens 10 lede waarin die doel van die voorgestelde vergadering uiteengesit word.

## 9. BYEENROEP VAN ALGEMENE VERGADERING:

Die Sekretaris van elke Algemene Jaarvergadering met kennisgewing soos deur die Algemene Bestuur besluit, bekend maak, rakende die dag, plek en uur, asook in geval van 'n Spesiale vergadering ook die doel van die vergadering. Die feit dat enige lid nie sy kennisgewing van 'n Algemene Vergadering ontvang het nie, sal nie die vererigtinge van die vergadering ongeldig maak nie.

## 10. MOSIES DEUR LEDE:

'n Lid kan 'n mosie of voorstel op die Algemene vergadering indien tydens die bespreking van die item Algemeen op die Agenda.

## 11. KWORUM BY ALGEMENE VERGADERING:

Geen sake word by 'n Algemene Vergadering in behandeling geneem tensy daar 'n kworum aanwesig is nie. Behoudens die bepalings van Artikel 22.2 en 23, bestaan 'n kworum uit ten minste 25% van betaalde lede. As daar 15 minute na die tyd wat vir die vergadering bepaal is, nie 'n kworum aanwesig is nie en die vergadering is op versoek van die lede bele, verval dit; in alle ander gevalle word dit verdaag tot dieselfde dag en tyd in die volgende week en op dieselfde plek, of, indien die plek nie beskikbaar is nie, op die plek wat die Uitvoerende Bestuur aanwys. Indien daar op die verdaagde vergadering nie 'n kworum aanwesig is nie, vorm die aanwesige lede 'n kworum en mag hulle alle sake behandel waarvoor die vergadering bele is.

## 12 NOTULES VAN ALGEMENE VERGADERING:

Die Notule van die Algemene Vergadering word in 'n boek wat spesiaal vir daardie doel aangehou word, geskryf of geplak en alhoewel dit formeel op die volgende Algemene Vergadering deur lede bekragtig moet word, is dit bindend op al die lede van die Forum sodra dit deur die Voorsitter geteken is.

## 13 PROSEDURE OP ALGEMENE VERGADERINGS:

13.1 Op 'n Algemene Vergadering neem die voorsitter of, in sy afwesigheid, die Ondervoorsitter, die stoel in. As nog die Voorsitter, nog die Ondervoorsitter 15 minute na die tyd wat vir die vergadering bepaal is, aanwesig is, verkies die aanwesige lede uit hulle geledere 'n Voorsitter vir die vergadering.

13.2 Slegs (1) een verteenwoordiger van 'n openbare liggaam lidmaat, mag benoem word as die lid se verteenwoordiger en is hy/sy, die benoemde, daarna geregtig om in alle opsigte daarna op te tree asof hy/sy lid is van die forum. Indien iemand wat aldus benoem is, self 'n lid van die Forum is of word, het die lid wat hom/haar benoem het, die reg om iemand anders in sy/haar plek as verteenwoordiger te benoem. Geen lid is egter geregtig op meer as een stem nie.

## 14. AMPSDRAERS EN ALGEMENE BESTUUR:

14.1 Die Algemene Bestuur wat op die Algemene Jaarvergadering verkies word bestaan uit nie minder as ses (6) lede nie en die maksimum

aantal lede waaruit dit mag bestaan, is vyf-en-twintig persent (25%) van die totale getal lede van die Forum op die datum van die verkiesing van die Algemene Bestuur.

Die dienende Algemene Bestuur bepaal voor die Algemene Jaarvergadering die aantal lede wat die Algemene Bestuur sal vorm vir die volgende termyn.

Alle stemgeregtigde lede mag deelneem aan die verkiesing van alle verteenwoordigers van elke kategorie. Elke voorgestelde lid van die Algemene Bestuur moet behoorlik voorgestel en gesekondeer word deur 'n lid van die Forum tydens die Algemene Jaarvergadering.

14.2 Die Algemene Bestuur verkies uit sy lede 'n Voorsitter en wat behalwe vir sy gewone stem in elke bestuur ook 'n beslissende stem het. Die Algemene Bestuur wys ook uit sy lede 'n Vise-voorsitter aan wat die sekundus van die Voorsiter van die Algemene Bestuur is met dieselfde bevoegdhede as Voorsitter.

14.3 Die Algemene Bestuur benoem 'n Sekretaris vir die Forum en 'n Tesourier uit die verkose Algemene Bestuur.

14.4 Die Algemene Bestuur het reg tot koöptering uit die lede van die Forum.

14.5 Geen uitgawes word deur of namens die Forum aangegaan behalwe op die gesag van die Algemene Bestuur nie.

14.6 Die Algemene Bestuur het die bevoegdheid om van tyd tot tyd en ter enige tyd lede van die Forum as lede van die Algemene Bestuur te koöpteer met dien verstande dat die maksimum gestel in artikel 14.1 nie oorskrei word nie. 'n Gekoöpteerde lid van die Algemene Bestuur tree by die eersvolgende Algemene Jaarvergadering uit, maar is herkiesbaar. J

14.7 Ingeval daar tussen die tydperk tussen een jaarlikse verkiesing en 'n ander 'n vakature in die Algemene Bestuur mag ontstaan, hetsy as gevolg van dood, bedanking, of diskwalifikasie, afwesigheid sonder verlof van (3) drie opeenvolgende vergaderings of om enige ander rede, mag die vakature aangevul word deur die oorblywende lede van die Algemene Bestuur. Sodanige persoon moet uittree op die dag waarop die bestuurslid in wie se plek hy benoem is, normaalweg uitgetree het. Hy is egter na uittrede herkiesbaar.

14.8 'n Gewone meerderheid van die lede van die Algemene Bestuur vorm 'n kworum, met die mag om te handel.

**15. <u>MAGTE VAN DIE ALGEMENE BESTUUR:</u>**

15.1 Die Algemene Bestuur het die mag om alles te doen wat betrekking

het op die doelstellings van die Forum.

15.2 Die Algemene Bestuur het die mag om alle sake te verrig wat van tyd tot tyd uitdruklik deur die Algemene Vergadering aan hulle oorgedra mag word. In die besonder:

15.2.1 oorweeg hulle aanbevelings wat deur die Algemene Vergadering gemaak word;

15.2.2 open hulle bankrekeninge en opereer daarop;

15.2.3stel hulle aan, ontslaan en skors werknemers en agente en bepaal hul die funksies en vergoeding van die werknemers en agente;

15.2.4 behartig hul die algemene administrasie van die Forum ingevolge die grondwet, soos die byhou van behoorlike finansiële en ander registers, die opstel van verslae en die belê van vergaderings.

**16. VOORSITTER EN VISE-VOORSITTER:**

Die Voorsitter of in sy afwesigheid die vise-voorsitter, is ex *officio* lid van alle komitees en sub-komitees. 'n Vakature in die amp van Voorsitter moet binne 7 dae deur die Algemene Bestuur gevul word.

**17. VERGADERINGS VAN DIE ALGEMENE BESTUUR:**

Die Algemene Bestuur vergader so dikwels as wat die Voorsitter volgens sy diskresie mag bepaal, maar nie minder as een keer elke drie (3) maande nie en met dien verstande dat, behalwe in noodgevalle, daar minstens sewe (7) dae vooraf kennis van 'n vergadering gegee word.

**18. NOTULE VAN ALGEMENE BESTUUR:**

Behoorlike notule word van alle vergaderings van die Algemene Bestuur gehou. Elke bestuur se notules word in 'n afsonderlike boek geskryf of geplak en dit word, nadat dit deur die volgende vergadering bekragtig is, deur die Voorsitter geteken.

19. **REGSDOKUMENTE:**

Alle regsdokumente wat in verband met die sake van die Forum geteken, uitgevoer of verkry moet word, word deur die Voorsitter en die Sekretaris of een van hulle tesame met 'n ander lid wat deur die Algemene Bestuur by wyse van besluit aangewys mag word, geteken.

20. **HANDELINGS OP BANKREKENINGE. SPAARREKENINGE EN TEN OPSGITE VAN BELEGGINGS:**

Dokumente wat ten opsigte van die Forum se bankrekeninge, spaarrekeninge en geldelike beleggings geteken moet word, is slegs geldig as dit geteken is deur twee lede van die Algemene Bestuur van wie een van die Voorsitter of sy genotuleerde genomineerde moet wees. Alle finansiele instellings wat fondse van die Forum hanteer, moet vooraf in besit gestel word van 'n afskrif van hierdie grondwet en 'n ontvangsbewys daarvoor uitreik waarin ook gemeld word dat hulle bewus is van hierdie bepaling.

21. **REKENINGE:**

Getroue rekeninge en registers van alle geldbedrae wat deur die Forum ontvang en bestee word, moet stiptelik gehou word en moet die saak ten opsigte waarvan ontvangste en bestedings plaasvind, duidelik spesifiseer. Rekeninge en registers van al die Forum se besittings, krediteure en debiteure moet ook stiptelik gehou word. Onderworpe aan die beperkinge ten opsigte van tyd en wyse wat van tyd tot tyd deur die Uitvoerende Bestuur neergelê mag word, is alle rekening en registers oop vir inspeksie deur lede. Ten minste eenkeer elke jaar moet die rekeninge en registers deur 'n gekwalifiseerde boekhouer geïnspekteer word. Die boekhouer sal 'n balansstaat, 'n wins- en verliesrekening en ander rekeninge opstel wat nodig mag wees om die finansiële toestand van die Forum korrek en volledig te reflekteer.

22. Die grondwet kan, onderwerpe aan die nakoming van die volgende voorwaardes, gewysig word:

22.1 Die wysiging word slegs deur lede aangebring op 'n Algemene Vergadering wat spesiaal vir die doel belê is en waarvan ingevolge die grondwet kennis gegee is met volledige vermelding van die voorgestelde wysiging.

22.2 Nieteenstaande die bepalings van Artikel 11, is 'n kworum vir 'n spesiale Algemene Vergadering ter oorweging van grondwetlike wysigings, minstens 25% van die lede van die Forum.

22.3 Minstens 66% van die lede wat op die spesiale Algemene Vergadering aanwesig is, moet ten gunste van die wysiging stem alvorens die wysiging geldig sal wees.

23. **ONTBINDING VAN DIE FORUM:**

Die prosedure wat by die ontbinding van die Forum gevolg moet word, is soortgelyk aan die wat gevolg word in die geval van 'n wysiging van die grondwet soos uiteengesit in Artikel 22 hierbo, behalwe dat minstens 75

persent van die lede wat op die Algemene Vergadering aanwesig is, ten gunste van die ontbinding moet stem. Nadat daar ten gunste van ontbinding besluit is, sal 'n gewone meerderheid van aanwesige lede op dieselfde Vergadering besluit hoe daar oor die oorblywende bates .(indien daar is) van die Forum beskik moet word.